

## Hoofstuk 3

### Empiriese navorsingsontwerp

#### 3.1 Insameling van die gespreksgenote se verhale

Babbie (2001:275) is van mening dat “field research” die waarneem of deelneem aan sosiale gebeure behels en ’n poging is om die gebeure te probeer verklaar en daaraan betekenis te gee. Rubin en Rubin (1995:1) huldig op hulle beurt die volgende mening: “Qualitative interviewing is a way of finding out what others feel and think about their worlds. Through qualitative interviews you can understand experiences and reconstruct events in which you did not participate.” Dit is belangrik om te onthou dat in die kwalitatiewe model ’n navorser nie met ’n teorie en die bewys daarvan begin nie, maar eerder met ’n bepaalde area van studie en dat die navorsing uit die proses ontwikkel (De Vos et al., 2002:274).

In my navorsing is dit presies wat ek poog om te doen. Ek wil navorsers of pastore wat van die narratiewe metode gebruik maak, die VERHAAL/ INHOUD van die Bybel tot sy reg kan laat kom. De Vos (2002:292) sê ook die volgende: “Interviewing is the predominant mode of data or information collection in qualitative research.” Die vertel van stories is ’n belangrike deel van die proses van “betekenis-gee” aan sekere gebeure. De Vos (2002:292) haal Kvale aan wat kwalitatiewe gesprekke definieer as “...attempts to understand the world from the participant’s point of view, to unfold the meaning of people’s experience to uncover their lived world prior to scientific explanations”. Babbie (2001:275) sê voorts hierop die volgende: “...it’s not just a

data collecting activity. Frequently, perhaps typically, it's a theory-generating activity as well." So gesien, konstateer Denzin en Lincoln (2002:645) die volgende: "Yet interviewing is one of the most common and powerful ways in which we try to understand our fellow human beings."

Kwalitatiewe gesprekke bou voort op die gespreksvaardighede wat elke mens reeds besit. In gewone gesprekke vra mense gewoonlik vrae en luister dan na die antwoorde. Tydens sulke gesprekke word bepaalde reëls gevolg. Mense weet wie se beurt dit is om te praat en dat dit ongeskik is om 'n ander persoon te onderbreek. Die meeste mense weet wanneer 'n uitgebreide antwoord nodig is, of wanneer daar 'n kort en bondige antwoord verwag word. Kwalitatiewe gesprekke vind ook plaas volgens hierdie beginsels, maar verskil tog van die gewone gesprek in belangrike opsigte. Rubin en Rubin (1995:2) wys op drie van hierdie aspekte:

- 'n Sleutelverskil is dat die kwalitatiewe gesprek 'n stuk gereedskap is vir navorsing en 'n doelbewuste manier is om te leer van mense se gevoelens, gedagtes en ervarings. Gesprekke voorsien inligting wat die navorser later kan bestudeer en deel met ander deur verslae en artikels as voorbeeld.
- 'n Tweede verskil is dat die kwalitatiewe gesprek plaasvind tussen twee vreemdelinge, maar daarenteen, ook tussen bekendes.
- Die derde verskil van die gewone gesprek is dat die navorser die kwalitatiewe gesprek stuur deur doelbewus bepaalde vrae en versoeke te opper waarop die gespreksgenoot in diepte moet reageer. Die navorser moedig die gespreksgenoot aan om in detail te reflekteer op bepaalde gebeure wat ervaar of beleef is.

De Vos (2002:292) waarsku egter soos volg: “The quality of the interview depends mainly on the skills of the researcher as interviewer.” Dit is raadsaam dat die gespreksvoerder opleiding sal ontvang. De Vos (2002:292) beweer dat: “...poor interviewing skills, poor phrasing of questions, or inadequate knowledge of the participant’s culture or frame of reference may result in a collection that obtains little useful data”.

Rubin en Rubin (1995:2) sê verder dat “...but qualitative interviewing is more than a set of skills, it is also a philosophy, an approach to learning. One element of this philosophy is that understanding is achieved by encouraging people to describe their world in their own terms.” Hierdie filosofie vereis verder dat die gesprek ’n bepaalde verhouding meebring tussen die gespreksvoerder en gespreksgenoot, en dit bring weer bepaalde verantwoordelikhede aan beide kante mee. Die filosofie help die gespreksvoerder om te weet wat bloot interessant en eties is, en stel standarde daar om die kwaliteit van die navorsing, die menslikheid van die verhouding, asook die volledigheid en akkuraatheid van bepaalde afleidings te beoordeel.

### 3.2 Die wat, waarom en hoekom van kwalitatiewe gesprekke

Babbie (2001:292) maak die volgende stelling: “A qualitative interview is essentially a conversation in which the interviewer establishes a general direction for the conversation and pursues specific topics raised by the respondent.” Die indiepte kwalitatiewe gesprek help navorsers verstaan waarom en hoekom bepaalde kulture geskep en gehandhaaf word (Rubin & Rubin, 1995:3). Net so ondersoek kwalitatiewe

gesprekke spesifieke onderwerpe en gebeurtenisse. Deur die kwalitatiewe gesprekke evalueer navorsers verskillende projekte, programme en die resultate van die gebeure. Rubin en Rubin (1995:3) sê dat: “...researchers put together the information they find from qualitative interviews to form explanations and theories that are grounded in the details, evidence, and examples of the interviews”.

Hierdie verduidelikings en teorieë is nie net van akademiese belang nie, maar het ook praktiese implikasies. Dit laat die navorser toe om in die wêreld van ander te deel, uit te vind wat besig is om met hulle te gebeur, hoekom mense doen wat hulle doen en hoe hulle hul eie wêreld verstaan. Daar bestaan verskillende tipes kwalitatiewe gesprekke. Rubin en Rubin (1995:5) sê egter dat “...thou each of these approaches to interviewing differs somewhat, each reflects the same philosophy of qualitative research: find out what others think and know, and avoid dominating your interviewees by imposing your world on theirs”.

Die eerste tipe waarna verwys word, is die “ongestruktureerde” gespreksformaat (Rubin & Rubin, 1995:5). Die navorser suggereer die onderwerp vir bespreking, maar het nie spesifieke vrae in gedagte nie. De Vos (2002:298) verwys ook hierna as hy die volgende sê: “The unstructured one-to-one interview, also sometimes refers to as the in-depth interview, merely extends and formalises conversation. It is referred to as a ‘conversation with a purpose’.” Die doel is nie om antwoorde op sekere vrae te kry nie, of om ’n hipotese te toets nie, ook nie om te evalueer nie. Die belangrike aspek van die ongestruktureerde gesprek is ’n belangstelling in die verstaan van die ervarings van ander mense en die betekenis wat hulle in hierdie ervarings vind. Die

ongestruktureerde gesprek word gebruik om 'n individu se persepsie, opinie en feite, asook reaksie op die aanvanklike bevindings en moontlike oplossings vas te stel.

Indien die navorser meer spesifieke informasie wil hê, word die “semi-gestruktureerde” (staan ook bekend as die “gefokusde”) formaat gebruik. Die gespreksvoerder stel die onderwerp bekend, en begelei dan die gesprek deur die stel van spesifieke vrae. In die minder gestruktureerde gesprek doen die gespreksgenoot die meeste van die praat werk, deur byvoorbeeld 'n idee of 'n gebeurde of dalk agtergrond te verduidelik. Tydens die meer gestruktureerde gedeelte van die onderhoud, stel die gespreksvoerder egter spesifieke vrae om meer detail, voorbeelde en konsepte te bekom.

'n Verdere wyse waarop kwalitatiewe gesprekke onderskei word, is deur die tipe informasie waarna gesoek word. Met die “kulturele” onderhoude vra die navorser uit na gemeenskaplike verstaansbegrippe, “taken-for-granted-rules of behaviour” en na standaarde van waardes en gemeenskaplike verwagtings. Om te kan leer van spesifieke gebeurde of prosesse, maak die navorser gebruik van “onderwerp”-gesprekke. Op hierdie wyse kan die navorser meer uitvind oor byvoorbeeld hoe 'n anti-alkohol-program verloop. In die “mondelinge geskiedenis” kies die navorser 'n bepaalde tydperk in die geskiedenis, soos byvoorbeeld die negentiende eeu of 'n kritieke gebeurde soos die atoombom, en vra dan die persone wat betrokke was om te beskryf wat gebeur het. Met die “lewensgeskiedenisgesprek” word bepaalde lewenswerklikheidsgebeure in die lewe van die gespreksgenoot ondersoek.

### 3.2.1 Keuse van bepaalde gesprekke

In die navorsing sal gebruik gemaak word van wat Rubin en Rubin (1995:27) noem “evaluation interviews” en “focused group interviews”. In die evaluasie-gesprekke word ’n poging aangewend om te leer of nuwe programme, projekte en metodes in gebruik, voldoen aan die verwagtings wat daaraan gestel word. Terwyl die fokusgroepgesprekke weer ’n vorm van refleksie is waarin groepe mense bymekaarkom om saam te praat en te besin oor die potensiële veranderings of gedeelde indrukke. Sake hier bespreek, wissel van eng tot breër sake wat die groter gemeenskap raak. Daar word beplan om in die gesprekke met die medenavorsers, wat afsonderlik plaasvind, gebruik te maak van die evalueringsgesprekke. Hier gaan ek poog om te bepaal en te verstaan hoe die narratiewe metode van berading by die pastors funksioneer. Ek sal ook probeer vasstel of die narratiewe model aan hulle verwagtings voldoen en presies vra wat dié verwagtings is. Kvale (1996:3-4) verwys na die volgende twee interessante metafore vir gespreksvoering: “The interviewer as a ‘miner’ or as a ‘traveler’.” Volgens die tweede metafoer sê hy: “The interviewer wanders along with the local inhabitants, asks questions that lead the subjects to tell their own stories of their lived world.” Tydens die refleksiegeleentheid waar die pastors byeengebring word, sal daar gebruik gemaak word van die “focused group interviews”. By dié geleentheid vergader die pastors om gedeelde ervarings/indrukke en moontlike veranderings te bespreek en op uit te brei.

### 3.2.2 Wat gaan ek vra, en hoekom gaan ek dit vra?

Oor die ontwerp van ’n kwalitatiewe studie beklemtoon Rubin en Rubin (1995:42) die volgende belangrike saak: “You have an overall idea of what you want to see and do,

but you are not locked into 'n fixed itinerary. You allow sufficient flexibility to explore what you see along the way. ...you change plans as new adventures entice you, but you keep the final destination in mind.” Babbie (2002:292) sluit hierby aan deur te sê: “A qualitative interview is essentially a conversation in which the interviewer establishes a general direction for the conversation and pursues specific topics raised by the respondent.” Die ontwerp van die studie moet my dus help om die oorspronklike motivering vir die navorsing te onthou, maar my tog aanmoedig om die onderwerp op verskillende wyses te ondersoek. Hierin kan volgens Rubin en Rubin (1995:43) geslaag word as die navorsing *buigbaar, herhalend* en *'n volgehoue proses* is.

Met *buigsaamheid* word bedoel dat ek leer hoe die gespreksgenote hul wêreld verstaan en ervaar. Dit mag nodig wees om die saak wat ek ondersoek te verander of om bloot weer na te dink oor die patroon van ondervraging (Rubin & Rubin, 1995:45). Hierdie buigsaamheid is van veel groter waarde as om met 'n proses te volhard wat nie wil slaag nie of wat my nie toelaat om die onverwagte insigte te ondersoek nie. Van nog groter belang in kwalitatiewe gesprekke, is die buigsaamheid om met die oog op interessante resultate vrae te akkommodeer oor dit wat ek leer en dit wat die gespreksgenote weet.

Die ontwerp van kwalitatiewe onderhoude moet ook *herhalend* van aard wees. Hieronder word verstaan dat elke keer wanneer ek die proses van inligting insamel, die ontleding daarvan, die uitsif en die toets daarvan herhaal, ek sodoende nader en nader kom aan 'n duideliker en meer oortuigende model van die verskynsel wat ek ondersoek. Rubin en Rubin (1995:46) wys soos volg daarop:

“In the early stages of the interviewing, design emphasizes more the gathering of many themes and ideas; towards the middle of the research, you concentrate more on winnowing to limit the number of themes you explore. In the final stages you emphasize more the analysis and testing of your understanding as you put themes together, begin to form theories, and run them by your interviewees, and critical readers in your field.”

Die *voortdurende* aard van kwalitatiewe onderhoudsvoering beteken dat die vrae wat gestel word, regdeur die proses geherformuleer word. Rubin en Rubin (1995:47) sê in die verband: “A particular answer may suggest a new line of enquiry or it may suggest different people to talk to than you had originally planned.”

### 3.2.3 Keuse van gespreksgenote

Die keuse van ’n gespreksgenoot berus volgens Rubin en Rubin (1995:65) op die mening dat dit: “...should match how you have defined the subject of research”. In die navorsing wil ek ondersoek instel na hoe pastors die narratiewe model in hulle berading benut. Om hierdie rede is besluit om twee medenavorsers te gebruik wat van die standpunt uitgaan dat hulle die narratiewe model volg. In hierdie verband sê De Vos (2002:334) die volgende: “In qualitative studies non-probability sampling methods are utilized and, in particular, theoretical or purposive sampling techniques, rather than random sampling are used.”

In kwalitatiewe navorsing word die data dikwels bekom van een of slegs twee gevalle, en om hierdie rede word daar nie gebruik gemaak van ’n toevallige seleksie van die



betrokke persone nie. In my navorsing gaan gebruik gemaak word van *doelbewuste steekproewe* (De Vos, 2002:334). In die doelgerigte steekproef word 'n spesifieke onderwerp gekies, omdat dit 'n bepaalde aspek of proses van belang illustreer. Duidelike identifisering en formulering van die kriteria vir die seleksie van die respondente is daarom van kardinale belang. De Vos (2002:335) beklemtoon die volgende: “In the case of purposive sampling researchers purposely seek typical and divergent data.” Babbie (2001:179) sluit hierby aan deur te sê: “Sometimes it’s appropriate to select a sample on the basis of knowledge of a population and the purpose of the study.” In die navorsing sal studente gebruik word wat hulle M-Diff.-graad of hulle Ph.D.-graad in die narratiewe berading onder promotorskap van prof. J. Müller aan die Universiteit van Pretoria voltooi het.

Toestemming sal van die medenavorsers gevra word om 'n bepaalde beradingsessie op band te neem. Hierdie gesprekke sal dan as basis gebruik word om met die navorsers in gesprek te tree oor die narratiewe beradingsmodel en hulle gebruik daarvan as pastorale beraders. Smit *et al.* (1995:17) is van mening dat 'n bandopname vir 'n baie vollediger opname sorg as wanneer bloot notas by 'n onderhoud geneem word. De Vos (2002:304) sê ook: “ It also means that the researcher can concentrate more on how the interview is proceeding and where to go next.” Bandopnames het natuurlik ook hulle nadeel, 'n gespreksgenoot mag ongemaklik voel as hy gemonitor word en kan selfs onttrek. Die bandopnemer moet daarom so gebruik en geplaas word dat dit nie die gespreksgenoot ontsenu nie.

#### 3.2.4 Ontwerp van 'n lewendige onderhoud met diepte, detail en nuanse

Een van die belangrikste verskille tussen 'n kwalitatiewe onderhoud en 'n opname-onderhoud is dat die opnemers in die tweede geval poog om relatiewe vereenvoudigde inligting te veralgemeen, terwyl die kwalitatiewe onderhoudsvoerder poog om iets meer te leer van 'n komplekse verskynsel. Rubin en Rubin (1995:76) sê in die verband: “ Qualitative interviewers don't try to simplify, but instead try to capture some of the richness and complexity of their subject matter and explain it in a comprehensible way.”

*Diepte* word verkry deur 'n deurdagte antwoord gebaseer op deeglike bewyse, asook deur die volledige oorweging van die onderwerp vanuit verskeie oogpunte. Vrae kan so geformuleer word dat die vereiste vlak van diepte en oorweging duidelik blyk.

De Vos (2002: 293) gee die volgende gesprekstegnieke en wenke om 'n effektiewe en suksesvolle gesprek te verseker:

- Die gespreksgenoot moet 90% van die praatwerk doen. Die hele doel van die gesprek is vir die gespreksgenoot om sy storie te vertel.
- Vra duidelike en kort vrae. Dit is belangrik om woorde te gebruik wat vir die gespreksgenoot sinvol en verstaanbaar is.
- Vra een vraag op 'n slag.
- Vra “open-ended questions”. Die antwoord op die vraag moet nie ooglopend wees nie. Die vraag moet ruimte laat vir die gespreksgenoot se respons. Vra vrae wat meer as net 'n ja of nee vereis.
- Vra ervarings-/gedragsvrae eerder as opinie-/gevoelsvrae.
- Herhaal sleutelvrae regdeur die gesprek.
- Laat toe vir ruspouses (stiltes) gedurende die gesprek – keer terug na onvolledige punte.

- Volg op wat die gespreksgenoot gesê het as jy nie mooi gehoor het nie.

Die gespreksgenoot moet aangemoedig word om te dink oor verskille/ooreenkomste en dit met voorbeelde verklaar. Opvolgvrae is 'n goeie manier om meer diepte te kry. Die gespreksvoerder kan later terugkeer na bepaalde aspekte en vir verduideliking vra. Rubin en Rubin (1995:78) sê dat "...asking about the past elicited the depth that made the present understandable".

*Detail* word weer verkry deur vir spesifieke inligting te vra. Die onderhoud kan so ontwerp wees dat dit vir spesifieke detail vra. Elke keer as die gespreksvoerder vra vir 'n voorbeeld of vir 'n stap-vir-stap-beskrywing van wat gebeur het, is hy besig om te vra vir detail. Rubin en Rubin (1995:78) sê in hierdie verband: "Once the interviewees understand that you want this detail they will usually continue to provide specifics without being prodded." 'n Verdere manier om detail te bekom, is om vir mense te vra hoe hulle spesifieke take uitgevoer het waarvoor hulle verantwoordelik is. Diepte en detail verskil wel van mekaar, maar komplementeer mekaar tog.

Naas diepte en detail moet die gespreksvoerder sy onderhoud so ontwerp dat die vrae duidelike, helder en lewendige respons ontlok, asook die verskillende gevoelens en emosies van die gespreksgenoot na vore laat kom. Rubin en Rubin (1995:80) stel dit soos volg: "To be vivid, an anecdote or example need not be dramatic or extreme, but it should create a strong vicarious experience for the audience." 'n Goeie manier om 'n helder en duidelike antwoord te kry, is om te vra vir 'n eerstehandse beskrywing van 'n gebeurtenis sonder om die respons te onderbreek. Kwalitatiewe gesprekke is op

soek na realistiese beskrywings van situasies of kulturele patrone. 'n Realistiese beskrywing sluit skakerings van grys, en nie net swart en wit nie in.

*Nuanse* beteken dat dit om die presisie in die beskrywing van gebeure of ervarings gaan, byvoorbeeld nie net liefde nie, maar liefde met energie en blydskap. Dit ondersoek die fynheid (subtiliteit) van die betekenis. Rubin en Rubin (1995:81) sê dat "...you design questioning to elicit nuance and to reject unshaded answers". Ek kan ook die nuanse verder opvolg deur vir die gespreksgenoot te vra om uit te brei op meer spesifieke gedagtes. 'n Verdere wyse om nuanse te bewerkstellig, is om te luister na tekens van ambivalensie of duidelike teenstrydighede en daarvoor uit te vra.

### 3.3 Samestelling van die gesprek

Die een hoofdoel van die samestelling van 'n gesprek is om te verseker dat diepte, detail en nuanse bewerkstellig word. Dit vorm die essensie van 'n kwalitatiewe gesprek. Die verdere doel is om te help om al die los stukkies inligting wat ingesamel is, bymekaar te sit. Dit is noodsaaklik vir al die inligting om bymekaar te kom. Indien 'n metode nie ingebou is in die ontwerp nie, kan frustrasie ervaar word by die skryf van die eindresultate. Die samevoeging van voorbeelde, beskrywing en illustrasies van verskillende gesprekke om 'n narratief te vorm, is soveel eenvoudiger as die individuele gesprekke van die begin af so ontwerp is dat hulle bymekaar inpas. Daar sal later in die hoofstuk gekyk word na riglyne wat help om aan verskillende mense, verskillende vrae stel, maar nog steeds 'n bruikbare doel te vind vir elke stukkie inligting wat bekom is.

### 3.3.1 Geloofwaardige navorsing

Aan die einde van enige navorsing bly die vraag: Waarom moet enige iemand die resultate van die navorsing as geloofwaardig sien? In kwantitatiewe navorsing is die algemene standaard wat gebruik word *geldigheid* en *betroubaarheid*. Navorsing is geldig as dit die wêreld wat beskryf word so getrou moontlik weergee. Navorsing is ook betroubaar wanneer twee navorsers met min of meer dieselfde observasie na vore kom (Rubin & Rubin, 1995:85). Die meeste aanwysers vir geldigheid en betroubaarheid kan ongelukkig nie gebruik word vir kwalitatiewe navorsing nie. Die toepas van die voorgenoemde aanwysers op kwalitatiewe navorsing veroorsaak veel meer verwarring as wat dit verhelder en verklaar. Navorsers in kwalitatiewe navorsing beoordeel die geloofwaardigheid van die kwalitatiewe werk eerder aan die hand van *deursigtigheid*, *konstante kohesie* en *kommunikeerbaarheid*. Gesprekke word dus ontwerp om aan hierdie aspekte te voldoen.

#### 3.3.1.1 Deursigtigheid

Rubin en Rubin (1995:85) verduidelik hierdie begrip soos volg: “Transparency means that a reader of a qualitative research report is able to see the basic processes of data collection.” ’n Deursigtige verslag laat die leser toe om ’n mening te vorm oor intellektuele sterk en swak punte, die teenstrydighede en die nougesetheid van die gespreksvoerder. Laasgenoemde hou versigtig rekord van wat gedoen, gesien en gevoel is om die navorsing deursigtig te maak vir homself en vir ander.

Rubin en Rubin (1995: 86) noem ook die volgende: “The original records of notes or recordings of the interview should be kept in ways that other can read or play back.” Deel van deursigtigheid is om notas te maak van hoe dinge gebeur het, watter waarnemings gemaak is, waar dit gemaak is, en watter afleidings gemaak is. Die vereiste dat die navorsingsproses deursigtig moet wees, moedig bloot elke navorser aan om so getrou en naby moontlik te bly aan die oorspronklike inligting wat gebruik gaan word.

### 3.3.1.2 Konsekwentheid

'n Geloofwaardige finale verslag behoort te wys dat die navorser idees en reaksies wat inkonsekwent voorgekom het, wel ondersoek het. Rubin en Rubin (1995:85) sê in die verband: “You show that you examined themes in one interview for coherence with the themes presented in other. You indicate that you check it out when a single interview seemed to present contradictory responses, and you explain how you examined for consistency across setting of cases.” In kwalitatiewe navorsing is die doel nie om inkonsekwentheid te elimineer nie, maar om dit te probeer verstaan, te vra waarom dit voorkom en dit dan te verduidelik. Die voorafgaande kan op verskeie wyses gedoen word. Vervolgens sal hierdie wyses kortliks uiteengesit word.

#### - Die verband binne temas

Rubin en Rubin (1995:87) beklemtoon die volgende: “Coherence means that you can offer explanations for why apparent contradictions in the themes occurred and what the contradictions mean.” Teenstrydighede moet nie geïgnoreer of afgemaak word nie,

maar juis ondersoek word. Inkonsekwentheid moet ondersoek word deur te vra na dieper en meer gedetailleerde antwoorde. Dit gebeur dikwels dat wat navorsers aanvanklik gesien het as sake wat niks met mekaar te doen het nie, tog in verband met mekaar staan en dat daar 'n verduideliking daarvoor is.

- Die konsekwentheid van individue

Lesers kan die geldigheid van 'n verslag in twyfel trek, indien hulle ervaar dat die navorser nie aangetoon het dat 'n gespreksgenoot van hom verskil nie, en gefaal het om die rede daarvoor te ondersoek. Moenie huiwer om na die verskille uit te vra en 'n verklaring te soek nie. Dikwels help die ondersoek van inkonsekwentheid om die geldigheid van die verslag te verhoog, om sodoende diepte in die gesprek mee te bring en bepaalde aspekte beter te verstaan. Rubin en Rubin (1995:90) sê in hierdie verband: “The reader is more likely to believe that the interviewees are responding openly, and the researcher is more likely to get more thoughtful and nuanced answers.”

- Konsekwentheid in verskillende ondersoeke

Geloofwaardigheid word verhoog wanneer die navorser kan aandui dat kernaspekte en bepaalde temas konsekwent in 'n verskeidenheid van ondersoeke en in verskillende omstandighede voorkom. Rubin en Rubin (1995:90) sê voorts: “Another way of showing credibility across cases is to think through the implications of a proposed theme and then check to see if the implications occur as you expected.”

Om geloofwaardig te wees, beteken nie dat die voorgestelde temas onwrikbaar moet staan nie. Die navorsingsverslag moet egter aantoon dat die navorser die tema deeglik ondersoek het. Sou die tema nie water hou nie, moet die navorser voortgaan met sy werk deur óf die tema te hersien óf te kyk onder watter omstandighede die tema wel geldig of ongeldig is.

### 3.3.1.3 Kommunikeerbaarheid

Oor hierdie saak laat Rubin en Rubin (1995:91) hulle soos volg uit: “The portrait of the research arena that you present should feel real to the participants and to readers of your research report. It should communicate what it means to be within the research arena.” Die gespreksgenote moet hulself in die beskrywings kan sien, alhoewel hulle nie met elke detail en beskrywing hoef saam te stem nie. Selfs ander navorsers moet die teks kan verstaan en die beskrywing aanvaar, omdat dít wat ander ervaar en beleef gekomplementeer word.

Lesers wat glad nie in die navorsing betrokke was nie, moet ook hulle weg kan vind rondom die saak onder bespreking. Rubin en Rubin (1995:91) sê in die verband: “The richness of detail, abundance of evidence, and vividness of the text help convince those who have never been in the field that this material is real.” Navorsing wat ontwerp is om die nodige bewyse te versamel, wat verder lewendig, gedetailleerd en deursigtig is, asook deeglik en goed gedokumenteer is, sowel as samebindende en konsekwent is, sal oortuigend wees. Die voorafgaande sake is die standarde waardeur kwalitatiewe gespreksvoering se geloofwaardigheid bewerkstellig word.



### 3.3.2 Strukturering van 'n kwalitatiewe gesprek

In kwalitatiewe gespreksvoering word die gestelde vrae verander na gelang van dit wat uit die gesprek geleer of nie geleer word nie (Rubin & Rubin 1995:145). Oor die geheel gesien, is dit nodig om deur die hele gesprek 'n balans te handhaaf tussen die bepaalde tipe navrae. Laat by sekere geleenthede byvoorbeeld ruimte vir in diepte vrae rondom belangrike onderwerpe/aspekte en konsentreer ander kere weer bloot op die oppervlak vrae.

Om buigsaam te wees ten opsigte van die verandering rondom die gestelde vrae en steeds 'n oorhoofse raamwerk/struktuur te bly handhaaf, bou navorsers gesprekke op rondom drie tipe vrae naamlik kernvrae, ondersoekendevrae en opvolgvrae. Rubin en Rubin (1995:145) beklemtoon verder dat “...by preparing conversational guides – written outline protocols, or checklists – researchers set up an overall framework for the interview to keep the interview on course yet allow sufficient flexibility for exploring uncharted paths”.

#### 3.3.2.1 Kernvrae

Voor die navorser met 'n gespreksgenoot in gesprek tree, berei die navorser 'n aantal kernvrae voor waarmee die gesprek kan begin, asook vrae waarmee die gesprek in 'n bepaalde rigting gestuur kan word. Hierdie kernvrae kan verander na gelang die navorsing vorder en soos die navorser leer wat om aan watter gespreksgenoot te vra. Die opbreek van die onderwerp in kleiner verwante vrae word gedoen op so 'n wyse dat 'n eenheid bewerkstellig word in die gesprek. Die bewoording van die kernvrae

moet oop genoeg wees om die gespreksgenoot aan te moedig om sy eie opinies en ervarings uit te druk. Bewoording moet eng genoeg wees om te verhinder dat die gespreksgenoot van die onderwerp ter sprake afdwaal. In die voorbereiding van die kernvrae werk die navorser 'n aantal opeenvolgende vrae uit, wat gesamentlik 'n spesifieke gebeurtenis of fase van die proses dek.

In die vorming van die kernvrae is daar drie aspekte van belang:

- Eerstens, dek die kernvrae die oorhoofse onderwerpe? Moedig die bewoording 'n gesprek aan oor ander belangrike aspekte sonder om bevooroordeeld te wees? Onderskei dit tussen belangrike en onbelangrike sake?
- Tweedens, vloei die kernvrae van die een na die ander? Maak die vrae vir die gespreksgenoot sin? Die onderlinge kernvrae moet die onderwerp op so 'n wyse dek dat dit ook wys op 'n onderliggende fokusarea.
- Derdens vul die keuse van die kernvrae die navorsingsonderwerp aan en ondersteun die vrae die navorsingsontwerp? Dek die kernvrae die onderwerpe wat na vore gekom het uit die herhalende ontwerp? Is die woorde byvoorbeeld só gekies om die ervaring en perspektief van die gespreksgenoot/navorsers te akkommodeer?

#### 3.3.2.2 Ondersoekende vrae

Ondersoekende vrae het hoofsaaklik drie funksies in 'n gesprek. Eerstens help die vrae om die vlak of diepte van die gesprek te bepaal. Die ondersoekende vrae dui vir die gespreksgenoot aan of die gespreksvoeder langer en meer gedetailleerde antwoorde,

spesifieke voorbeelde of bewyse verwag. Onderzoekende vrae moedig die gespreksgenoot aan om aan te hou uitbrei. Tweedens moedig onderzoekende vrae die gespreksgenoot aan om 'n spesifieke antwoord te gee of om af te sluit (op te klaar). Dertens is die funksie van hierdie vrae 'n aanduiding dat die gespreksvoerder aandag gee. Rubin en Rubin (1995:150) verwys ook na verskillende tipe onderzoekende vrae, naamlik “elaboration, continuation, clarification, attention and completion probes”. Dit is belangrik om te onthou dat die manier van vraagstelling help om die interpersoonlike verhouding tussen die gespreksvoerder en gespreksgenoot te definieer. Onvoldoende prot werk is 'n aanduiding van 'n gebrek aan belangstelling en te veel onderzoekende vrae laat weer die navorser in 'n “ondervraer” verander.

### 3.3.2.3 Opvolgvrae

Die doel van opvolgvrae is om diepte te bewerkstellig in die onderhoud deur temas op te volg wat in die gesprek na vore kom. Verder bly 'n belangrike kenmerk van 'n kwalitatiewe gesprek die uitbreiding van die konteks van antwoorde en die instel van 'n ondersoek na die implikasies van wat gesê is.

In hierdie verband stel Rubin en Rubin (1995:15) die volgende voor: “After each interview and after each cluster of interviews, look over your transcripts to figure out what you should follow up on. Look for themes, ideas, concepts and events and prepare additional questions on those that address your research concerns.” Die kuns is om alleen daardie opvolgvrae te kies wat help om dieper insig te verkry oor die kernsake van belang. Luister vir eensydige beskrywings van optrede wat vir

verduideliking vra. Volg op wanneer 'n voorbeeld of verhaal net halfpad vertel of verduidelik word.

Opvolgvrage moet voortvloei, omdat die antwoord op 'n opvolgvraag 'n nuwe rigting suggereer waarna ondersoek ingestel moet word. Teenstrydige of vreemde antwoorde, stellings wat huiwerig/onseker klink, onvolledige antwoorde en die gebruik van nuwe woorde en vreemde terme moet ook opvolgvrage meebring.

Rubin en Rubin (1995:153) waarsku egter soos volg: “Although new words or concepts invite probes or follow-ups, you can't ask about every word you don't understand... . You sometimes have to request follow-ups without seeming to ask about every word.” Opvolgvrage impliseer meer as om net te leer aangaande die betekenis van 'n kernidee of konsep, of die voltooiing van 'n halwe storie. Opvolgvrage is die wyse waarop die navorser ondersoek instel na temas wat opkom in sy gesprek met die gespreksgenoot. Opvolgvrage het ten doel om die gespreksgenoot aan te moedig om meer te begin gesels en uit te brei op die gegewe antwoorde. Opvolgvrage werk gewoonlik beter wanneer die vrage gerig is op 'n spesifieke aspek ter sprake. Wanneer die opvolgvrage fokus op bepaalde gebeure of temas kan die gespreksgenoot die spesifieke vrage antwoord en dan uitbrei oor die spesifieke ervaring van die gebeure. Dan gee 'n gespreksgenoot beide gevoelens en ervarings weer. Daar is een basiese beginsel in die bewoording van opvolgvrage: maak seker dat die opvolgvrage korrespondeer met wat die gespreksgenoot gesê het.

### 3.3.3 Raamwerk vir die gesprek

'n Deel van die voorbereiding vir 'n gesprek behels dat ek as navorser moet besluit hoe die kernvrae aanmekaar gekoppel/verbind gaan word en watter strategie vir die opvolgvrae gebruik gaan word. Rubin en Rubin (1995:159) verwys na twee algemene patrone van strukturering vir 'n gesprek.

Ek verwys kortliks na die tweede model waarby ek in my navorsing aansluit. Rubin en Rubin (1995:159) verwys soos volg na die model: “The interview is more like a major river that merges different currents into a single stream and then breaks into separate channels, possibly combining again later into a single stream.” In hierdie model ondersoek die “vrae” een bepaalde stroom binne die groter rivier en volg die stroom, maak nie saak waarheen die stroom vloei nie. In die rivier-en-kanaal-model is dit die opvolgvrae wat van groter belang is. Uit die kernvraag ontdek jy verskillende strome in die rivier. Deur opvolgvrae en dit wat daaruit voortvloei, ondersoek die navorser verskillende relevante aspekte van die kernvraag in detail.

Die “opeenvolging” van die rivier-en-kanaal-model is gebaseer op die ketting van “opvolgvrae”. Rubin en Rubin (1995:160) sê dat “...each building on the previous one, all tied together by your interest in a single theme. The chained follow-ups provide structure and continuity, because they are pursuing a single theme.” Die rivier-en-kanaal-model is veral bruikbaar wanneer ek een tema in diepte en met detail wil navors/ondersoek. Rubin en Rubin (1995:161) beklemtoon soos volg: “With the river-and-channel-model you often have only one main question that is followed upon in great detail.”

### 3.3.4 Protokol, kontrolelys en buitelyne vir 'n gesprek

Na die keuse van 'n bepaalde raamwerk/struktuur moet die gespreksvoerder gespreksriglyne voorberei vir die vrae. Hierdie riglyne, in die vorm van protokolle, kontrolelyste en buitelyne help die gespreksvoerder om gefokus te bly op die onderwerp en hooftema. Rubin en Rubin (1995:161) wys soos volg daarop: “Conversational guides are not rigid frameworks, that are prepared once and for all, rather they are customized for each interview and evolve throughout the work.”

Die eenvoudigste riglyn is 'n kort kontrolelys van onderwerpe. Die uitgebreidste riglyn is 'n protokol met al die belangrikste vrae ten volle uitgeskryf. Tussen-in is die buitelyne met die hooftema as die opskrif, meer gefokusde vrae as die sub-opskrifte en die minder belangrike items as spesifieke voorbeelde om te ondersoek. By die buitelyne ontbreek die presiese bewoording soos by die protokol, maar die buitelyne het meer orde en struktuur as die kontrolelys.

Die buitelyne help my om die verskille tussen die basiese temas aan die een kant en die illustrasies aan die ander kant in gedagte te hou. Rubin en Rubin (1995:162) wys soos volg daarop: “The main outline headings suggest overall areas that should be covered whereas lower level headings point out questions that the researcher thinks might illustrate or refine specific points, though these specific questions need not be asked.” Met die hulp van die buitelyne behoort die gespreksvoerder met vertroue 'n ongestruktureerde situasie te kan betree. Ek het dan voor my die onderwerpe/temas wat gedek moet word en verskeie verskillende voorbeelde wat gevolg kan word, indien die gespreksgenoot my nie met beter voorbeelde bedien wat nagevors kan word nie.

Watter riglyn ook al gebruik word, hetsy dit 'n protokol, buitelyn of kontrolelys is, die riglyne is bloot 'n “freeland map” vir die gesprek. Dit wys gewoon die algemene rigting aan. Rubin en Rubin (1995:164) sê in die verband: “Guides enable the researcher to balance the need for order with the freedom to explore unanticipated topics.” Met sulke riglyne kom 'n navorser meer professioneel en voorbereid na vore.

### 3.4 Buitelyne vir die individuele en fokusgroepgesprek

#### 3.4.1 Individuele semi-gestruktureerde gesprekke

Hierdie saak word soos volg deur De Vos (2002:298) aangeraak: “Qualitative studies typically employ unstructured or semi-structured interviews. Unstructured interviews are also known as in-depth interviews.” Die doel is nie om antwoorde te kry of 'n hipotese te toets nie. Die gesprek is oorwegend beredenerend en laat die navorser en medenavorser toe om bepaalde aspekte te ondersoek. Dit word gebruik om individuele persepsies, opinies, feite en voorspellings, en selfs hulle reaksie op aanvanklike bevindings en potensiële oplossings vas te stel. Rubin en Rubin (1995:27) sê op hulle beurt: “Evaluation interviews attempt to learn whether new programmes, projects or other types of intentional changes are living up to expectations.” In hierdie navorsing wil ek graag bepaal hoor hoe die pastors die narratiewe metode in hulle pastoraat gebruik. Vanuit hulle stories en antwoorde wil ek ook poog om vas te stel watter rol die Bybel se verhaal/inhoud in die proses speel.

3.4.1.1 Moontlike openingsvrae om die semi-gestruktureerde een-tot-een-gesprek aan die gang te kry

1. Wat is jou ervaring in pastorale gesprekke en hoe funksioneer die Bybel in die proses/gebeure?
2. Is daar 'n spesifieke eindpunt/doelwit in jou pastorale gesprek waarby jy wil uitkom?

Die doel van die kernvrae is om die gesprek aan die gang te kry, maar tog ook om die gesprek in 'n bepaalde rigting te stuur. Hier moet 'n ernstige poging aangewend word om die gespreksgenoot sy storie en ervaring te laat vertel. Die gespreksvoerder moet seker maak dat hy nie deur bepaalde vrae by sekere antwoorde wil uitkom nie. De Vos (2002:301) sê die gespreksvoerder se doel is “...to get the person to express his ideas about particular issues...During the interview try to get the participant to

- open up and express ideas,
- express ideas clearly,
- explain and elaborate on ideas, and
- focus on issues at hand rather than wander to unrelated topics.”

3.4.2 Fokusgroepgesprek

Rubin en Rubin (1995:27) maak die volgende opmerking: “Focus group interviews are a form of evaluation in which groups of people are assembled to discuss potential changes or shared impression.” De Vos (2002:305) sê ook: “The group is ‘focused’ in that it includes some kind of collective activity.” Die navorser skep 'n omgewing/situasie waarbinne die deelnemende gespreksgenote aangemoedig word om



hulle persepsies, ervarings, gedagtegang, wense en selfs vrese uit te spreek sonder die gevaar om geoordeel te word of beweeg te word om met ander saam te stem.

Rubin en Rubin (1995:140) sê voorts: “In focus groups the goal is to let people spark off of one another, suggesting dimensions and nuances of the original problem that any one individual might not have thought of. Sometimes a totally different understanding of a problem emerges from the group discussion.” Sorgvuldige beplanning betreffende die deelnemers, die omgewing en die vrae wat gevra gaan word, is noodsaaklik vir ’n effektiewe fokusgroep. Die vrae vir die fokusgroep sê, De Vos (2002:314), is soos volg: “...more direct at, and designed to explore, specific topics or issues”. Helder en deurdagte vrae is die basis vir ’n fokus-groepsgeleentheid van goeie kwaliteit.

Die volgende riglyne kan in gedagte gehou word in die opstel van vrae (De Vos, 2002:314):

- Stel die vrae op ’n gewone gesprekswyse. Die fokusgroep is ’n sosiale ervaring, die gespreksvrae is belangrik in die skep en handhawing van ’n informele omgewing.
- Effektiewe vrae is duidelik en helder. Die bewoording van die vrae moet direk, voor die hand liggend en eenvoudig wees.
- Hulp is nodig in die ontwikkeling van fokusgroep vrae van ’n goeie gehalte. Kry terugvoer van ander deelnemers en kundiges op die gebied.
- Vrae moet die taal bevat wat die deelnemers sal gebruik as hulle oor die onderwerp sou gesels. Die vrae moet kort en “open-ended” wees.

'n Goeie vraelys het bepaalde kwaliteite. Dit het 'n maklike begin, is opeenvolgend, dit beweeg van die algemene na die spesifieke en wend die tyd ekonomies aan. De Vos (2002:315) sê in die verband: “Perhaps the most distinctive feature of the focus group is the technique of open-ended questions.” Deelnemers kan gevra word om “terug te dink” en te reflekteer op persoonlike ervarings en dan te reageer op meer spesifieke vrae. Vermoed dit om “hoekom”-vrae te vra en hou die vrae eenvoudig. Wees versigtig om voorbeelde te opper.

#### 3.4.2.1 Vrae vir die fokusgroepgesprek

1. Wat sien jy as die sterk punt van die narratiewe model in berading?
2. Volg jy 'n bepaalde struktuur in die narratiewe model?
3. Wat is die rol van die terapeut en wat is die rol van die kliënt?
4. Hoe verstaan jy die gedagte van 'n “unique outcome”?
5. Is daar 'n groter verhaal in die verhale van die kliënt?
6. Kan jy die Verhaal van die Bybel in die model inbring?
7. Wat is die einddoel van jou beradingsproses?

Een van die sterk punte van die fokusgroep is die moontlikheid om 'n groot aantal gekonsentreerde inligting in te samel oor 'n presiese onderwerp ter sprake. Tweedens is daar 'n interaksie in die groep wat help om verdere inligting en idees te genereer. De Vos (2002:319) haal Morgan aan wat die volgende sê: “The comparison the participants make among each others experience and opinions are a valuable source of insight into complex behaviors and motivations.” Fokusgroepe is verantwoordelik vir die skep van 'n dieper en voller verstaan/insig betreffende bepaalde verskynsels wat

ontdek word. Babbie (2001:294) voer aan dat “...group dynamics frequently bring out aspects of the topic that would not have been anticipated by the researcher and would not have emerged from interviews with individuals”. ’n Nadeel is dat “vooroordeel” ’n probleem kan skep in die fokusgroep. ’n Verdere nadeel van die fokusgroep is “social posturing”: mense in die groep probeer beleefd wees, saamstem met die algemene norm en gee dikwels toe aan die druk van ander. Hiervoor moet die navorser oplettend wees.

### 3.5 Soeke na betekenis van die gesprekke (Wat het ek gehoor?)

Rubin en Rubin (1995:226) voorsien die volgende riglyne: “... put into one category all the material from all your interviews that speaks to one theme or concept. Compare material within categories to look for variations and nuances in meaning.” De Vos (2002:339) sluit hierby aan deur Janesick aan te haal wat die volgende sê: “Qualitative research depends, Janesick argues, on the presentation of solid descriptive data, so that the researcher leads the reader to an understanding of the meaning of the experience... .”

In die proses is die “grounded theory” een van die moontlike tradisies waarbinne die bestudering van kwalitatiewe data kan plaasvind. Dezin en Lincoln (2002:522) sê in die verband: “Grounded theory research fits into the broader traditions of fieldwork and qualitative analysis.” Die “grounded theorist’s analysis” vertel die storie van mense, sosiale prosesse en situasies. Die storie reflekteer die ervaring van nie net die navorser nie, maar ook die storie van die nagevorsdes. Rubin en Rubin (1995:4) beklemtoon soos volg: “Such grounded theories explain what is happening in the terms

of these involved in a situation... Grounded theory is based on exchanges in which the interviewees can talk back, clarify and explain their points.” Die “grounded theory” is die poging om ’n teorie te ontwikkel vanuit die ontleding van die patrone, temas en bepaalde kategorieë wat na vore kom in die gesprekke ( Babbie, 2002:284).

### 3.5.1 Stappe om die gesprekke se betekenis te probeer begryp

Om die gesprekke te probeer verstaan, moet begin word met ’n poging om te luister na die gesprekke op band, asook om die verbatim van die bepaalde gesprekke oor en oor te lees (Rubin & Rubin, 1995:229). In die luister en deurlees is daar kennis geneem van die bepaalde konsepte/temas en spesifieke gedagtes wat na vore kom in die gesprekke. Rubin en Rubin (1995:251) sê in die finale stap van gespreksbestudering moet die volgende plaasvind: “You organize the data in ways that help you formulate themes, refine concepts, and link them together to create a clear description or explanation of a culture or a topic.” Daar moet elke keer wanneer ’n bepaalde konsep/tema verduidelik is, ’n aantekening gemaak word. Die volgende stap is om al hierdie bepaalde konsepte en gedagtes wat dieselfde is, saam te groepeer. Oor hierdie proses sê Rubin en Rubin (1995:227) die volgende: “This is detail work but is rarely boring because so many of the examples are illuminating and periodically one gets an insight by seeing quotations and description from separate interviews side by side.” Wanneer daar weer na die gesprekke gekyk of geluister is, word nagedink oor die temas, konsepte en idees wat na vore gekom het. In die proses het sekere temas/konsepte uitgeval omdat hulle nie genoeg voorkom nie, terwyl ander weer uitstaan as gevolg van die aantal kere wat hulle wel voorgekom het.

As die bymeekaarsit van bepaalde temas afgehandel is, stel dit my in staat om dit wat deur verskillende mense gesê is met mekaar te kan vergelyk. Sodoende ook om te luister na watter temas belangrik is en hoe bepaalde konsepte verstaan behoort te word. De Vos *et al.* (2002:344) sê in hierdie verband: “Here the researcher does not search for exhaustive and mutually exclusive categories of the statistician, but instead seeks to identify the salient, grounded categories of meaning held by participants in the setting.” Deur die bestudering van die inligting binne elke groepering, kan ek vorendag kom met ’n beskrywing en verduideliking van die betekenis van die temas wat ondersoek word saam met die gespreksgenote. In die beskrywings word vervolgens saam gesoek na breër betekenis/waarde van die gedagtes, deur te vra of dit bestaande teorieë of uitgangspunte ondersteun, verander of weerspreek.

Wanneer al die gedeeltes wat bymeekaarhoort gegroepeer is, kan die gesprekke vergelyk word. Eerstens moet dit in ’n bepaalde groepering met mekaar vergelyk word om sodoende ook verbande te probeer vasstel. Hieroor sê Rubin en Rubin (1995:241) die volgende: “Examining the material in individual categories allows you to refine what a concept means, compare examples of a theme, or piece together the separate events in a narrative.” Betreffende vergelykings oor kategorieë heen verduidelik Rubin en Rubin (1995:241) soos volg: “Comparing material across categories allows you to figure out which themes seem to go together or contradict each other.”

Aan die einde van die groepering en vergelyking van die gesprekke bevorder dit die proses deur bepaalde temas te formuleer, konsepte te verfyn en om sekere konsepte/aspekte te koppel om sodoende te help met ’n helder beskrywing of

verduideliking van 'n spesifieke onderwerp/tema en die betekenis daarvan. Hierdie inligting, sê Rubin en Rubin (1995:251), "...is then interpreted in terms of the literature and theories in the researcher's field". Die dieper kyk na die gesprekke forseer my om na elke detail, elke aanhaling te kyk en te sien hoe dit help om 'n groter betekenis te vind. Na die individuele konsepte en temas bepaal is, moet ek poog om hulle weer bymekaar te bring en te help bou aan 'n geïntegreerde verklaring/verduideliking. Die doel is om die temas te ontdek wat die navorsingsarena verduidelik. Wanneer alles bymekaargebring word en 'n leser dit lees, moet die verduideliking en betekenis daarvan verstaanbaar wees. Rubin en Rubin (1995:256) sê: "The data analysis ends when you have found overarching themes and put them in the context of broader theory and answered the question: 'So What?' Then you write the final report." De Vos (2002:354) sê in sy samevatting: "Describing, classifying and interpreting is at the heart of qualitative data analysis and entails identifying salient themes, recurring ideas or language and patterns of belief."

### 3.6 Kwalitatiewe navorsingsverslag

Rubin en Rubin (1995:257) skryf die volgende oor die navorsingsverslag: "The last step in the research is to put this information into a report that is convincing, thought-provoking, absorbing, vivid and fresh." De Vos (2002:357) wys ook op bepaalde uniekhede van die kwalitatiewe verslag wat belangrik is om in gedagte te hou en sê dat die struktuur daarvan "...does not conform to the standard quantitative introduction methods, results and discussion format". Verdere aspekte waarna verwys word behels die volgende:

- Die verslag is langer en meer beskrywend.

- Omdat kwalitatiewe data in die vorm van woorde, prente en aanhalings voorkom bevat die data meer inligting as kwantitatiewe data in die vorm van syfers, en dit is daarom ook moeiliker om te verkort of saam te vat.
- In plaas van die verskaf van feitelike bewyse, poog kwalitatiewe navorsing eerder om subtiele beskrywings en veelvoudige perspektiewe weer te gee, en sodoende die leser te help om die subjektiewe wêreld van die mede-navorsers te ervaar.
- Omdat kwalitatiewe navorsers gebruik maak van 'n buigsame ontwerp wat ontvou en ontwikkel soos die navorsing verloop, word die verslag gebruik om sekere detail van die metodologie en die tegnieke van data-insameling te verduidelik.
- Die ondersoekende aard van kwalitatiewe navorsing lei tot die ontwikkeling van nuwe konsepte of teorieë. Die kwalitatiewe navorsers oorweeg ook die alternatiewe interpretasie van die inligting, en dit bring gevolglik 'n langer verslag te weeg.
- Die narratiewe skryfstyl van die kwalitatiewe navorsing verhoog die lengte van die verslag, aangesien dit persoonlik, toeganklik en vriendelik.

Die doel van enige verslag bly egter dieselfde, naamlik die weergee van die wetenskaplike navorsingsproses, gevolg deur die inligting wat bekom is en die betekenis daarvan vir 'n bepaalde teikengroep.

### 3.6.1 Kriteria vir 'n goeie kwalitatiewe verslag

De Vos (2002:358) haal Gula en Lincoln aan wat die vier kategorieë identifiseer waaraan 'n goeie kwalitatiewe verslag moet voldoen:

- Aksiomatiese kriterium: die verslag moet duidelik en vanselfsprekend die rigtinggewende paradigma of aksioom van die studie reflekteer.
- Retoriese kriterium: eenvoud, duidelikheid en deeglikheid moet die basis van die kwalitatiewe navorsers se verslag vorm.
- Aksie-kriterium: die verslag moet reaksie ontlok by die leser en moet gevolglik leersaam wees, asook mense bemagtig om iets nuuts te probeer.
- Toepaslikheids en aanpasbaarheidskriteria: die insluiting van gedetailleerde beskrywings asook verskillende ervaringsgebeure waarby die leser kan aanklank vind in sy eie situasie. Hierdie aspek dra by tot die kwaliteit van die verslag.

### 3.6.2 Belangrike elemente in die kwalitatiewe verslag

De Vos (2002:358) maak in hierdie verband die stelling dat “...qualitative reports are not so strictly formalised in terms of structure. On the contrary, qualitative report rarely follow a focused format with standard sections.”

Daar moet egter tog sekere elemente teenwoordig wees wat bydra tot die volheid/diepte van die verslag. Eerstens moet die gebruik van *aanhalinge* beklemtoon word. De Vos (2002:358) verwys na Creswell se drie verskillende tipe aanhalings, naamlik “short eye-catching quotations, embedded quotations” en “long quotations”.



Rubin en Rubin (1995:271) wys op die volgende: “Quotations from your interview provide the evidence for the themes and at the same time enable you to evoke the interviewee’s world accurately and vividly.” Aanhalings moet egter korrek, doelgerig en versigtig aangewend word. ’n Navorsingsnarratief het diepte en nuanse wanneer dit nie alleen hooftemas uitlig nie, maar ook variasies en verfyning - elkeen geïllustreer met duidelike voorbeelde. Die navorser ondersoek ’n probleem in sy groter konteks, selfs al is die konteks gekompliseerd. ’n Verslag met diepte voorsien genoeg van die konteks om die tema verstaanbaar te maak.

Tweedens, om die verslag legitiem te maak, is dit belangrik om die wêreld van die gespreksgenote so getrou moontlik weer te gee. Rubin en Rubin (1995:261) beklemtoon die saak soos volg: “The goal of writing is to represent the world of your interviewees accurately, vividly and convincingly. Using the conversational partners’ words to help provide detail and realism”

Derdens moet in gedagte gehou word dat die navorser as outeur optree. De Vos (2002:359) sê dat “...the researcher is directly involved in the setting, interacts with the people and is the ‘instrument’. As such, no qualitative report can exclude the researcher’s own perspectives, and consideration should be given to how that might have shaped events and interpretations.”

Vierdens is daar die element van bewyse om geloofwaardigheid te bewerkstellig. Rubin en Rubin (1995:262) verwys soos volg hierna: “Credibility through the Logic of the Argument. To make sure your argument is convincing, you should double-check that it is logical and supported by evidence.” Neuman (2002:474) sluit hierby aan deur

te sê: “The key is to provide readers with enough evidence so that they believe the recounted events and accept the interpretations as plausible.”